Lunsklip Selfbehoudkamp

Van Die Voortrekkers Transvaal

Posbus 92252
Mooikloof
0059
23 November 2009

Beste Lunsklip Verkenner,

LUNSKLIP KEURKAMP: 11 tot 14 Desember 2009

Baie dankie dat jy ingeskryf het vir Lunsklip se Keurkamp en die geleentheid gebruik.

Keurkamp is ’n kamp van keuses. Dit gaan oor jou en jou keuse alleen. Jy sal moet besluit waar lê jou voorkeur. Daar is twee keurgroepe: Varia is die avontuurgroep en Buitegroep is die oorlewingsgroep. Op Keurkamp gaan jy meer inligting kry oor die keurgroepe, sodat jy kan besluit by watter keurgroep jy inpas.

Let asb op die volgende inpaklys:
- Die gewone kamp benodighede
- Pen en papier
- 2 x 2 liter coke bottels wat as waterbottels dien
- Gemaklike stapskoene en dik kouse
- Sonbrandroom
- Hoed
- Reenjas
- Ekstra stel klere
- Oorlewingstoerusting
- Voorskrif en allergie medisyne (Daar sal voorsiening gemaak word vir spesiale reëlings)

Geen kos, vitamiene en enige gewoontevormende middels of alkohol word toegelaat nie.

Die administratiewe reëlings is as volg:
- Die kampdatum is Vrydag 11 Desember 2009 om 20h00 tot Maandag 14 Desember 2009 om 15h00.
- Die kampterrein is Hartebeesfontein Voortrekkerplaas. Elkeen is verantwoordelik vir sy eie vervoer na en van die kamp.
- Indien jy enige probleme met jou inskrywing het, skakel asseblief dadelik vir Janie van Heerden by (012) 996 0201 saans of 082 582 6354.

Sien jou Vrydag 11 Desember 2009.

Lunsklipgroete

Kobus van der Merwe
Adjunk-kampleier: Keurgroepe